DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 17 ❄ Nr 134 ❄ JUNIE 2017

LEES BINNE	

Gemeentenuus	2
Fokus op die Huwelik	3
Reseptehoekie	4-5
Gebedsaksie	6-7
Mosambiek: Quionga	8
Mosambiek Geletterdheid	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 12 Junie bereik!

GOD IS LIEFDE
Lees: Joh. 14:15-21

Wat vra dit van jou / wat kos dit jou om God Drie-Enig te kry om in jou te kom woon?
Jesus se eenvoudige antwoord is "liefde". (vs. 15)

In Jesus se prediking en in sy lewe, draai alles om liefde. Dit is met daardie doel – dat sy volgelinge vir Hom sal lief bly en sal doen wat Hy vra, dat Jesus vir hulle die "ander Voorspraak", die Heilige Gees, stuur. (vs. 16)
Die woord wat gebruik word: "Voorspraak", (in Grieks, Parakletos) kan vertaal word met Helper, Pleitbesorger, Voorspraak (die een wat namens jou praat) of Advokaat. Soos wat 'n advokaat iemand in 'n hofsaak bystaan, bemoedig, troos en daarby sy saak bepleit en vir al sy belange sorg, so doen die Gees dit ook vir ons (Rom. 8:26 – 28).
In 'n taal wat in Midde Afrika gepraat word, het die Bybelvertalers gesukkel om hierdie woord "Voorspraak" te vertaal. Hulle het later die probleem opgelos gekry, toe hulle sien dat wanneer mense swaar vragte in die bos indra, daar altyd iemand is wat op daardie oomblik nie 'n vrag dra nie. Wanneer een van die draers te moeg geraak het en nie meer verder kon gaan nie, het hierdie persoon dadelik ingespring om sy vrag te dra. Hy is in daardie taal genoem: ***"die een wat langs jou neerval en jou vrag optel wanneer jy nie meer kan nie***." Dit het vir hulle die woord geword waarmee hulle die woord "Voorspraak" vertaal het.

- Willem Botes -

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)
Kol.3:11 Christus alles en in almal.

Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.
WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ….. OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

Hierdie kwartaal gesels ons by **Dinamiet Kiedz** oor Redding 911 en al die noodsituasies in ons lewens. Helpmy Uitdiemoeilikheid het kort-kort "in die moeilikheid" met 'n noodsituasie wat ons dan bespreek en verskillende organisasies inroep om te kom gesels oor wat hul doen.

#Espresso-jouself Koffiekroeg het 'n hart vir Barmhartigheid en leef Lourensrivier se leuse van Oorgee, Omgee, Aangee uit in woord en daad!

Hier het die brawes gestap om fondse in te samel vir Prochorus Community Development and Kibwe Kids.
(Die organisasies werk met behoeftiges en weeskinders)

Espresso Koffiekroeg is vir jong werkendes (± 20-30 jaar)

Kom maak nuwe vriende, deel in die samesyn en bring jou energie na die Koffiekroeg

Kontak: Pieter Mouton @ 0833915507

FOKUS OP DIE HUWELIK

HOE LYK 'N GESONDE, GELUKKIGE GESIN? (deur Elizma van der Smit)

'n Gelukkige gesin is een waarin elke lid voel dat hy verstaan, waardeer en gerespekteer word. So 'n gesin spandeer tyd met mekaar. Daar is 'n positiewe atmosfeer in hul huis en hul doen dinge saam. Elke lid van die gesin doen hul eie deel om seker te maak dat hierdie atmosfeer en gevoelens behoue bly.

Alle gesinne het argumente en gaan deur moeilike tye, en dit beteken nie dat jy nie 'n gesonde, gelukkige gesin het nie. Hier volg maar tekens om vas te stel of jul 'n gelukkige gesin het:

Jul kommunikasie is effektief: Ons demonstreer dikwels ons kummunikasie deur die manier waarop ons na mekaar luister. Ons moet probeer luister met 100% aandag en sonder onderbrekeing. Ons probeer seker maak of ons verstaan voordat daar reageer word. Ons bespreek ook ons ongelukkighede met mekaar, maw ons onderdruk dit nie maar haal dit ook nie uit op mekaar nie.

Ons baklei regverdig: Ons probeer ons verskille kalm uitsorteer en probeer dit vermy om op mekaar te skree en lelike goed kwyt te raak. Ons gee mekaar kans om ons saak te stel sonder onderpreking. Ons is ook bereid om omverskoning te vra wanneer ons iemand seergemaak het. Gesonde, gelukkige gesinne is dus ook meer geneig om verskonings te aanvaar en mekaar te vergewe.

Ons is nie selfsugtig nie: Gesonde, gelukkige gesinne sit ander se behoeftes dikwels eerste. As elkeen probeer om die ander een gelukkig te maak, eindig almal op met 'n gevoel van liefde en geborgenheid.

Ons respekteer mekaar se verskille: Selfs al word ons groot in huis met dieselfde waardes en beginsels, is daar verseker ook verskille in ons gedagtes en oortuigings. En as hierdie verskillende oortuigings niemand seermaak nie, behoort dit ook respekteer te word.

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.

Lees die res van die artikel hier: http://www.southafricantherapist.com/afrikaans/afrikaanse-artikels/idees-vir-n-gesonde-gelukkige-gesin;feedback2:page=1362

RESEPTEHOEKIE

Wanneer jy 'n persoon na waarde wil skat, moenie kyk na wie hy op Sondag blyk te wees nie, maar veel eerder na wie hy van Maandag tot Saterdag werklik is.

SOP VIR DIE WINTER (www.watertandreseptevirouden jonk)

AARTAPPEL - KAAS - SPEK SOP

6 groot aartappels of 8 meduim aartappels geskil en opgesny
1 pakkie wituie soppoeier
250 ml vars room
500 ml gerasperde cheddar kaas
1 E gekapte vars pietersielie of gedroogde pietersielie
250 gr spek
Sout en peper na smaak

METODE:

Bedek aartappels met water, voeg sout by en kook sag
Sny die spek op en braai tot bros maar nie droog.Hou eenkant
Sodra aartapels sag is maak dit fyn in voedselverwerker. Hou water wat aartappels in gekook is.
Skep fyn aartappels terug in water en meng soppoeier met 1 K water.
Roer by aartappels en voeg 1 K kaas by,hou res van kaas eenkant Voeg nou res van bestandele by asook die spek en voeg genoeg water by indien nodig .die sop moet nie dun wees nie maar dik
Geur met sout indien nodig en peper
Roer oor lae hitte vir 10 min Indien nodig voeg nog water by.
Gooi van die gerasperde kaas onder in sopkommetjies en skep sop bo op Bedien saam met brood, broodrolletjie of vetkoek.

Bron:
Elsie Slabbert

HOLLANDSE BOONTJIESOP

250 g rooi gespikkelde suikerbone
1 klein gerookte Hollandse wors
500 g sopvleis en – bene
2 groot uie, in skywe gesny
15 ml sout
30 ml alfabet – of nommernoedels
2 ℓ water (ongeveer)
5 groot aartappels

METODE:

Week die bone in kookwater ongeveer 8 uur lank met die deksel op.
Sny die wors in dun skyfies.
Plaas die bone, wors en die res van die bestanddele in 'n drukkastrol met die aartappels heel bo-op.
Kook dit 1½ uur lank oor matige hitte.
Skakel die plaat af en laat dit afkoel.
Verwyder die aartappels en druk dit fyn.
Skep dit terug in die kastrol en roer dit goed deur.
Porsies: 10

Bron: Onbekend
Plasing: Henriette Wessels

BILTONGSOP
2 uie - gekap
100 g Botter
2 Knoffelhuisies-fyn gdruk
60 ml Koekmeel
500 ml Hoender stock
250 ml Melk - warm
125 g fyn Beesbiltong
60 ml Bloukaas-gkrummel
60 ml Feta - gkrummel
Sout en vars gemaalde swart peper
METODE:
Braai ui in botter tot sag
Voeg knoffel by en braai tot geurig
Voeg meel by - braai mengsel tot dit borrel
Voeg hoender stock by - roer totdat dit kook
Voeg warm melk by. Laat prut tot gaar
Voeg biltong by
Verpulp tot glad
Roer kaas in net voor opdiening
Geur met sout en peper - en dalk bietjie room!
Genoeg vir 6 mense. Geniet

Bron: Nina du Plessis
Foto: Crushmag; Plasing: Tiana

ROMERIGE BLOMKOOL KAASSOP
25 g botter
1 ui, fyngekap
500 g blomkoolblommetjies
1 medium aartappel, gekap
300 ml afgeroomde melk
700 ml groente-aftreksel
sout en varsgemaalde swartpeper
50 g beleë cheddarkaas, in blokkies gekap
METODE:

Smelt botter in ’n groot pot en braai die uie liggies vir 10 minute of tot sag. Voeg die blomkool, aartappels, melk, aftreksel en van die geurmiddels by, bring dan tot kookpunt.
Laat prut vir 25 minute of tot die groente heeltemal sag is. Pols in ’n voedselverwerker tot glad, gooi dit terug in die pot en toets vir geur.
Verhit die sop weer indien nodig vir opdiening, en skep dit in bakkies wat vooraf verhit is (of in groot sopkomme).
Rond af met die kaas en van die varsgemaalde swartpeper.
Roer die kaas net voor ete deur vir die perfekte effek.
Bedien saam met brood, indien verkies.

Bron: Onbekend;
Plasing: Tiana Botes

GEBEDSAKSIE: JUNIE 2017
EERLIKHEID EN ONEERLIKHEID
(Studie uit Bybel in Praktyk)
Spreuke sê onomwonde vir ons dat God



alle vorme van oneerlikheid verag. Maar dit is nie net Hy wat dit haat nie – ons oneerlikheid het ook op aarde negatiewe gevolge, want ander mense voel dat hulle ons nie meer kan vertrou nie en ons kan nie eers ons oneerlike wins geniet nie! Dit is verstandiger om eerlik te wees.

Ander se siening

Die wêreld ken ´n goeie mens aan sy eerlikheid en ´n slegte mens aan sy oneerlikheid Spr 12:17
Leiers is dankbaar as hulle volgelinge eerlik en regverdig is 16 :13
Mense het meer waardering vir die waarheid as vir vleitaal 28: 23

Kwaliteit van lewe

Eerlike getuies lieg nooit, terwyl vals getuies altyd lieg 14:5
Eerlike getuies red goeie mense, terwyl leuenaars die regsproses op ´n dwaalspoor bring 14:25
Dit wat ´n mens op n eerlike manier bymekaarmaak is baie beter as dit wat jy op ´n oneerlike manier bymekaarmaak, al is dit ook minder 16:8
Dis beter om arm en eerlik te wees as om ´n leuenaar en ´n dwaas te wees 19:1
Dis wonderlik om ´n eerlike pa te hê 20:7
Dis beter om arm en eerbaar te wees as ryk en ´n bedrieër 28:6

Korttermynresultate

Wins wat op die verkeerde manier gemaak is, bring nie blywende geluk nie, terwyl die lewe volgens God se wil wel blywende geluk bring 10:2
Goeie mense word deur hulle eerlikheid gelei, tewyl slegte mense die gevolge van hulle sondes sal dra 11:5
Leuens laat mense in die moeilikheid beland, terwyl eerlikheid op sigself ´n verdediging is 12:13
Oneerlike geld bring ongeluk, maar die mens wat omkopery haat is gelukkig 15:27
Wins wat op ´n verkeerde manier gemaak word, kan nie geniet word nie 20:17
Leiers sal lank regeer as hulle oneerlikheid en omkopery haat 28:16

Langtermynresultate

´n Goeie mens word deur eerlikheid gelei, terwyl ´n slegte mens deur oneerlikheid vernietig word 11:3
Die waarheid kan die toets van die tyd deurstaan, terwyl leuens gou aan die lig kom 12:19
Om gou ryk te word is uiteindelik geen seën nie 20:21
Oneerlike wins hou nie lank nie 21:6
Goeie mense word van nadeel gered, terwyl bedrieërs vernietig sal word 28:18

God se siening

God haat bedrog en keur eerlikheid goed 11:1
God vind vreugde in diegene wat betroubaar is, maar verafsku die leuenaars 12:22
God verwag regverdigheid en eerlikheid in saketransaksies 16:11
God het ´n afsku van alle vorme van bedrog 20:10
God het ´n afsku van alle bedrog en oneerlikheid 20:23
God verkies regverdigheid en geregtigheid bo gawes 21:3

GEBEDSONDERWERP: JUNIE 2017
ONS BID VIR DIE JEUG

4 – 10 Junie

Ons bid Jer 17 : 7 dat dit sal goed gaan met ons jeug wat hulle vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here ´n veilige vesting is; :8 so iemand is soos ´n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; ´n droe jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie. Bid ook Ps 1 : 1 – 3. Dan bid ons ook dat Joh 7 : 38 vir hulle sal waar word: Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."

11 – 17 Junie

Ons bid vir die jeug Ef 3 : 16 dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan hulle die krag sal gee om innerlik sterk te word, :17 dat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon en dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

18 – 24 Junie

Ons bid Ef 2 : 18 deur Hom het ons (en die jeug) vrye toegang tot die Vader. :19 Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. ! ! !

25 Junie – 1 Julie

Ons bid Hebr 6 : 7 dat die jeug sal wees soos grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val. As dit bruikbare gewasse voortbring vir die wat dit bewerk, word dit deur God geseën. :8 Maar as dit doringstruike en dissels oplewer, is dit waardeloos en is die tyd naby dat God dit vervloek. Die uiteinde daarvan is die vuur. Dit beteken die jeug/ ons moet die saad van die Woord die vrug van die Gees in ons lewe laat voortbring.

Mosambiek Geletterdheid

Nuusbrief: April/Mei 2017

In hierdie nuusbrief wil ons so bietjie inligting gee oor elke bosskool en die stand van sake met die skoolgebou in Milange..

Daar is 981 kinders ingeskryf wat hierdie jaar gaan leer lees, skryf en wat die evangelie gaan hoor. Bid saam met ons dat die kinders in die skole sal bly.

Hier volg inligting rondom ‘n paar skole.

Onderwyser:
Mnr. Tomas Victorino

Onderwyser:
Mnr. Rozario Albino

1. **Manhenga - Daar is 184 kinders ingeskryf.**
   Isaac Gama sê die volgende:
   "One part of the maize they planted last year is ready and dried. They requested 15 bags to put the maize in. They will wait for the price to be better before they sell it. Currently the price of maize is very low. They are still waiting for the maize they planted later to be ready. Mr Rozario moved from Liaze school to this school and he is adapting very well."

Onderwyser:
Mnr. Jaime Maomiha

Onderwyser:
Mnr. Mnr. Izaque Uafero

2. **Runje – Daar is Daar is 307 kinders ingeskryf**
   Isaac Gama sê die volgende:
   "The school is going good. Most crowded school, there is no other schools in that area. One of the teachers, Mr Jaime Maomiha, has moved permanently to Runje. He has harvested 45 bags of maize, but he has a problem to sell the maize because of price & transport. Transport is done by bicycle(10km) Runje is very rural and the people are very poor."

Gaan lees meer op Lourensrivier Webtuiste of op Mosambiek Geletterdheid se FB oor die volgende skole:

3. Liaze - 164 kinders ingeskryf.
4. Magaissa - 206 kinders ingeskryf.
5. Mwanatanga (Mosambiek fondse) - 120 kinders ingeskryf

In die volgende nuusbrief...

- **Bosskool besoeke**
- **Isaac se skool**

Prys die Here saam met ons vir...

- Ons voertuig wat herstel kon
- Bosskole wat goed begin.
- Isaac se Mosambiek gefundeerde skool wat hierdie jaar wel begin

Ons praat met God oor...

- Herlewing in Mosambiek en Suid-Afrika
- Sy wil vir ons pad vorentoe wanneer ons einde van die jaar klaar maak in Mosambiek. (Onderwysposte)
- Veiligheid op die bospaaie wanneer ons die skole gaan besoek

Blessings, Niehan en Carmen Koekemoer
Kontak ons: E pos: baiewarm@yahoo.com
Whatsapp: +27 76 434 2773
Facebook : Mosambiek Geletterdheid

Verslag oor besoek aan Decoligny en Sinethemba, 27 April – 1 Mei 2017

Lede:

Nadat sommige van die persone wat oorspronklik sou saamgaan as gevolg van onvoorsiene omstandighede moes onttrek, het die groep bestaan uit 5 persone van Stellenbosch en 4 van die Strand.

Vervoer:

Omdat die groep so klein was, is daar besluit om nie bussies te huur nie, maar is daar met twee persoonlike voertuie gery.

Finansies:

Ons is dankbaar vir die donasies van DOVE, Lourensrivier gemeente, 'n lidmaat van Stellenbosch-Wes asook mense wat laat moes onttrek, maar nogtans hulle lede bydraes betaal het. Dit het gemaak dat ons die gelde wat per lid betaal is, kon afbring tot R500.00 per persoon.

Besoek:

Donderdag, 27 Apr.: Reis van ongeveer 14 uur

Vrydag, 28 Apr.:

Besoek aan Sinethemba: Daar is tans 78 kinders. Die kinders is netjies geklee, skoon en goed versorg. Soos altyd is ons verwelkom deur die kinders met sang items. Die groep is deur die kamers geneem en ons kon ook die kinders sien wat bedlêend is. 'n Baie goeie gesprek is met Felicia Twantwa gevoer oor die beplande betrokkenheid van Stellenbosch-Wes gemeente by Sinethemba.

Die geboue van Sinethemba is baie netjies, die buitemure van die hoof gebou is onlangs oorgeverf deur 'n groep lidmate van die NGK Vredenburg.

Hulle lê nog baie sterk klem op landbou – die tuin word goed bewerk en hulle gebruik meeste van die groente uit die tuin vir die kinders. Daar word ook baie aandag gegee aan die grootmaak van dag oud kuikens. Van die kuikens word vir fondse verkoop en ander word grootgemaak vir eie gebruik. Verder gaan hulle ook steeds aan met hul varkboerdery.

Huisbesoek in Decoligny gemeente: Ons het besoek gebring aan die 84 jarige Mama Anna Rune van Kambi buitepos. Dit was goed om weer te hoor hoe sy vashou aan die Here in haar lewe. Haar man is reeds etlike jare oorlede en al verlang sy baie na hom, bly sy sê dat die Here by haar is.

Ons het ook 'n besoek gebring aan Tata Veteni en Mama Linah Stishi van Ncise buitepos. Dit is altyd 'n seën om hulle te besoek. Hulle geestelike rypheid, hulle insig in die Skrif, die manier wat hulle praat oor hul geestelike meelewing en die werk van die Heilige Gees in hul lewens, is altyd vir die besoekers tot groot seën.

Saterdag, 29 Apr.:. Omdat baie besoekers aan Decoligny slegs een keer so 'n besoek meemaak, is dit altyd goed dat hulle ook iets van die pragtige natuurskoon van die Wildekus beleef.

Op pad na die Wildekus, het ons 'n besoek gebring aan Isilimela Sendingstasie waar ons vanaf 1976 – 1984 gewerk het.

Daarna is ons na die pragtige Sinangwana strand waar ons weereens bewus geraak het van die wonder van God se skepping.

Sondag, 30 Apr.: Die groep van Stellenbosch moes die oggend vroeg reeds terug huis toe vertrek as gevolg van werk verpligtinge. Die Strand groep het die oggend eers die erediens in die NGK Mthatha bygewoon (09:00) en daarna die Nagmaal diens op Decoligny saam met 'n groot groep lidmate van Decoligny (10:30). Dit was goed om weer saam met soveel lidmate van Decoligny in die erediens te wees en om saam die Here te dien.

Na die diens kon ons tydens die gebruiklike groetery buite die kerkgebou vir elke lidmaat en kind 'n handdruk gee en is daar weer lekker gesels en kon ons weer die Xhosa hartlikheid beleef.

Die middag het ons tyd spandeer met vriende van Mthatha gemeente wat ons kom besoek het by Bet-El waar ons geslaap het.

Maandag, 1 Mei: Ons het die oggend vroeg vertrek en die aand veilig in die Strand aangekom, na ongeveer 15 uur se reis.

Ons dank die Here wat ons veilig bewaar het op die pad, wat ons geseën het tydens ons besoek en ons weer die geleentheid gegee het om weer ons vriendskapsbande te versterk met die VGK Decoligny en met Sinethemba se mense.

Willem Botes

Jesus vaar op na die hemel

Handelinge 1:1-11

LEESROOSTER : JUNIE 2017

(1Kor.12:3-13; Ps.8; Gen.18:1-15, 21:1-21)



Dwars:

1 Abraham het 'n mooi jong ….. geslag. (Gen. 18).
3. Daar is 'n verskeidenheid van kragtige ….. (1 Kor. 12).
6. Die Here het Sy ….. aan Sara nagekom. (Gen. 21)
7. So word U teëstanders tot….. gebring. (Ps. 8).
9. Daar bly net ….. oor. (Ps. 8)
10. Die Here het vir Abraham gevra: "Waarom ….. Sara?" (Gen. 18).
11. Aan een word die gawe gegee om 'n woord van …. te praat. (1 Kor. 12).
14. Die Here is altyd op Sy ….. (Ps. 8).
15. Abraham het na die drie mans ….. en voor hulle gebuig. (Gen. 18).
16. Sara het geskrik en 'n ….. vertel. (Gen. 18)'
17. As ek U ….. aanskou, die werk van U vingers. (Ps. 8).
18. Kinders en ….. besing U naam. (Ps. 8).

Af:

2. U het die mens met ….. en eer gekroon. (Ps. 8).
4. Hagar se seun. (Gen. 21)
5. Sara het by die deuropening gestaan en ….. (Gen. 18).
6. Daar is 'n verskeidenheid van ….. (1 Kor. 12).
8. Die Egiptiese slavin van Abraham. (Gen. 21).
12. Abraham se seun se naam. (Gen. 21).
13. Abraham het ….. en melk en die kalf vir die mans voorgesit. (Gen. 18).

INTERNATIONAL
PROPERTY
AWARDS
in association with
The Telegraph
BEST INTERNATIONAL
REAL ESTATE AGENCY
MARKETING
'I AM PAM'
by Pam Golding Properties
2016-2017
BEST INTERNATIONAL
REAL ESTATE AGENCY,
MARKETING.
"I am Pam" CAMPAIGN
TAKE ADVANTAGE OF OUR SUCCESS
AND MARKET YOUR PROPERTY
THROUGH US.
Edelweiss Hankey
083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za
PAM GOLDING
PROPERTIES